



Dié kinders is deel van 60 kinders wat in die Oktober-vakansie vir die eerste keer see toe gaan. Van links is Johan van Aswegen (9), Jayden Pretorius (6), Annemie van Aswegen (8) en Jorden Pretorius (8).

‘Ogies blink van opgewondenheid’

Lientje Mentz
lientje.mentz@media24.com

Haar ogies blink van opgewondenheid. Haar naam is Annemie van Aswegen. Sy is agt jaar oud en sy gaan in die Oktober-skoolvakansie vir die heel eerste keer see toe.

Annemie en nog sowat 59 kinders van Hilton, die Estoire-kamp en verskeie behoeftige gesinne in en om Bloemfontein, gaan op 'n vakansie van 'n leeftyd na Southbroom aan die KwaZulu-Natalse suidkus.

Vir hulle almal is dit 'n droom wat waar word.

Jan Fourie en Hester Bekker van Guardian Angels, 'n organisasie wat na minderbevoordele gesinne in en om die stad omsien, het besluit om die kinders op hierdie manier te bederf en aan hulle iets te gee wat ander kinders as vanselfsprekend neem. Dit is ook 'n manier

om hulle 'n rukkie lank uit hul omstandighede te haal.

Amanda McNamee is een van 22 mense wat in die Estoire-kamp aan die onderkant van Tibbie Visserstraat in ou woonwaens en plakkershutte woon. Elke gesin betaal R800 'n maand om hier te woon.

Amanda en Hansie Loubscher het vyf maande gelede van Barkly-Oos af hier kom woon.

Amanda wys 'n foto van haar dogter, Luzinda (15), wat ook op dié see-uitstappie gaan.

Haar dogter word meestal in een van Engo se jeugsorgsentrum versorg, maar kuier so gereeld moontlik by haar ma.

Hansie stap elke dag sowat 12 km om in Hilton te gaan werk.

Guardian Angels voorsien kos, klere, komberse, meubels, lewensmiddelle en elektrisiteit waar van toepassing aan dié mense.

In die Estoire-kamp dra mense

water van 'n sentrale punt aan en lampe dien as enigste ligte onder die donker sterrehemel.

Heelwat geld is nodig vir die bus, petrogeld, kos, verblyf en vermaak wanneer die kinders Southbroom besoek.

Om geld vir die see-vakansie in te samel, bied Guardian Angels op 23 September 'n gholfdag in Koffiefontein aan.

Dit kos R1 000 per vierbal en die formaat van die dag is 'n Betterball Stableford. Pryse ter waarde van R10 000 kan op dié dag gewen word.

Die groep Rush Hour gaan optree en Heinrich du Preez van die Radical Group gaan die dag as seremoniemeester waarnem. Daar is plek vir 68 spelers. Bespreek vir dié gholfdag en die goeie doel deur vir Jan Fourie by 083-274-5374 te bel of 'n e-pos na jan@samedicalbrokers.co.za te stuur.



Amanda McNamee met 'n foto van haar dogter, Luzinda (15), in hul huis in die Estoire-kamp.



Opgewonde oor 'n seevakansie. Van links is Ruan Kruger (12), Jason Pretorius (15) en Juston Pretorius (10).



Die Estoire-kamp waar agt gesinne woon.

Foto's: Lientje Mentz



Bursaries empower matric achievers

From the left are Thato Mofokeng from Beacon Secondary School in Phuthaditjhaba, Emmanuel Mofammere from Lenyora la Thuto School in Botshabelo, Thembeka November from Setjhaba se Maketse Combined School in Botshabelo and Sam Moleko, chair of the Siyandisa Trust and spokesperson for the Siyandisa Foundation. These three matric students are among 25 black learners from across the Free State that excelled academically despite personal challenges. They received scholarships from the foundation on Friday (28/07) to empower them in their final matric examinations as well as further studies.

Photo: Supplied



AUCTION: THURS 10TH AUG @ 10AM

150+ NO RESERVE VEHICLE AUCTION

150+ VEHICLE MUST SELL:

- HATCHBACKS & SEDANS
- SUV'S & 4X4'S
- 60+ EX FLEET BAKKIES
- H1 BUSES & FORD TOURNEOS
- QUANTUMS, HIACES & OTHER PASSANGER VEHICLES
- VARIOUS BOX BODY TRUCKS
- HORSE TRUCKS
- MOTORBIKES
- WATERTANKER
- TRACTORS
- TIPPER & OTHER TRUCKS

CATALOGUE ONLINE 72 HOURS PRIOR TO AUCTION: www.jpauctioneers.co.za
VIEW: TUES 8TH AUG & WED 9TH AUGUST 9AM- 4PM

VENUE: CRN R64 & S389, BLOEMFONTEIN (6KM'S OUT OF BLOEMFONTEIN)
071 573 2160/ 082 675 6080/ 074 292 3392/
info@jpauctioneers.co.za

REGISTRATION: R20 000 REFUNDABLE DEPOSIT
TERMS & CONDITIONS APPLY. E & O.E.

Items subject to change without prior notice.

XTRXW3D-BL03081